Free newsletter for all Bushveld friends - Gratis nuusbrief vir alle Bosveldvriende

Bushveld Breeze

No 11 - 2 Mei 2010

Download all issues from: www.adverta.co.za
Write to us at info@adverta.co.za

Naboom Finalis in Kompetisie

Die GROOT NUUS is dat Naboomspruit deurgedring het na die Limpopo Finale van Rapport en M-Net Kwêla se landwye kompetisie om Suid-Afrika se lekkerste, mooiste en hartlikste dorp van die Jaar vir 2010 te vind. Die ander twee finaliste is Thabazimbi en Haenertsburg.

U moet nou stem !

SMS asb **NOU**
"Naboomspruit" na 33157
sodat Naboom na die
volgende rondte kan deurdring !

Kykers en lesers bepaal die wenners deur stemme met SMS'e uit te bring. Die vorige rondte se stemmery het op 13 April gesluit. Die lyne is nou reeds oop vir die finale rondte. Elke persoon word derhalwe versoek om tussen nou en 15 Mei self te "stem" en om soveel moontlik vriende en kennisse te kry om ook vir Naboomspruit te stem. Elke SMS kos R1.50.

Ons het oor die afgelope tyd heelwat inligting en fotomateriaal van Naboomspruit aan die organiseerders verskaf. U kan gerus kyk watter blootstelling Naboomspruit as gevolg daarvan in die media kry. Kyk gerus na M-Net Kwêla om 18:30 op Saterdae en 20:00 op Woensdae, of volg die kompetisie in Rapport.

'n Volledige TV-program gaan oor die wendorp vervaardig word.

"Leopard's Leap" wyne is 'n trotse borg van die kompetisie.

Onthou 3 Mei !

Die video van Kurt Darren se 2010 *InniBosveld Musiekfees*, wat 'n groot gedeelte oor Naboomspruit se toerisme insluit, word op **3 Mei 2010 om 20:00 op Fiesta van M-Net Kyknet** gebeeldsend, met verskeie herhalings deur die loop van die week. Moet dit nie misloop nie.

Redaksie

Bushveld Breeze is 'n nie-winsgewende elektroniese publikasie en gratis diens aan die inwoners van die Bosveld. Die redakteur is H L van Niekerk en dit word geborg deur ***Ideal Venues*** en ***Bayete Avontuurskool.***

Bydraes word verwelkom.

Alhoewel alle sorg met die plaas van artikels geneem word, word die akkuraatheid van inligting nie gewaarborg nie.

Ideal Venues

Konferensies | Troues
Sportgeleenthede | Akkommodasie

Sel.: 072 481 7444
gwen@pcwireless.co.za
Web: www.ideal-venues.co.za

ADVENTURES BAYETE

Avontuurskool
Leierskap-, natuur- en avontuurkampe vir groepe

Tel 014 743 1968
Sel. 082 787 4280
e-pos: info@adverta.co.za